# Rolle in die huis

Die grappie word vertel van die lang ry by die hemelpoorte voor die hek met die bordjie "Mans wie se vroue op hulle kop gesit het." Voor die hek met die bordjie "Mans wie se vrouens nié op hulle kop gesit het nie" staan daar nét een man. Petrus was baie gefassineerd oor hoe die ou dit reggekry het en stap nader om hom te vra. Sy antwoord: "My vrou het gesê ek moet in hierdie ry kom staan!" Daar is heelwat grappies oor wie dra die broek in die huis. Die gevolge van onduidelike rolle is egter nie snaaks nie. Een van die redes waarom daar deesdae so baie disfunksionele gesinne is, is omdat dit so moeilik is om uit te werk hoe ons moet reageer wanneer daar verskille en misverstande is en wie die finale besluit moet neem wanneer daar nie saamgestem word oor 'n saak nie. Paulus gee vir ons 'n riglyn, of is dit dalk 'n opdrag? Vroue, erken die gesag wat mans in die gesin dra. Die Here verwag dit. Onmiddellik is daar 'n paar stywe nekkies en dalk 'n paar mans wat graag sou wou sê: Ek het jou mos gesê! Ek dink die rede daarvoor is omdat ons dalk nie presies verstaan wat Paulus wil sê nie. Die woord gesag of onderdanig val deesdae nie meer so lekker op die oor nie. 'n Grieks-Engelse vertaling het my oog gevang: dit word beskryf as die vrywillig toegee in liefde... Tog het baie vrouens nie meer respek vir mans nie juis as gevolg van die feit dat hulle mans hulle nie met respek en liefde hanteer nie. En dit maak dit moeilik vir sommige vrouens om onder die gesag van hulle mans te staan. Daar is mans wat die gesag in die huwelik as aanvalswapen gebruik. Ander gebruik dit weer as die finale oorstoot om net sy eie selfsugtige behoeftes te bevredig. Dit is nie die idee van gesag of onderdanigheid nie. Om gesag te hê is 'n groot taak met 'n groot verantwoordelikheid. Binne die huwelik moet daar 'n ruimte vir mekaar geskep word waar beide veilig kan wees, waar beide weet daar sal verantwoordelik omgegaan word met hulle as mens en hulle sal weet net die beste sal altyd vir hulle gebied word. Maar dit werk nie altyd so nie. Sommige mans het in die verlede hulle gesag misbruik wat veroorsaak het dat daar vrouens is wat gou-gou in opstand kom wanneer daar oor gesag of onderdanigheid gepraat word. Gesag beteken nie dat die een belangriker is of die een meer voordele as die ander verdien nie. Wanneer die vrou onderdanig is aan haar man wat volgens God se standaard die leiding neem, is dit voordelig vir die orde in die huwelik. God het die man eerste gemaak. Die vrou is gemaak om die man se maat te wees. 'n Maat wat aan sy sy is en wat nie onder sy voete vertrap word nie. Ons mans moet hierdie verantwoordelikheid nakom en doen wat reg is in die oë van die Here. Ons moet weer die gesag van ons wederhelf verdien sodat hulle vrywillig toegee aan ons liefdevolle leiding. Hoe kry 'n mens die gesag-ding reg? Mans, wees lojaal en liefdevol teenoor vroue. Wanneer jy dit doen, sal jou vrou jou gesag aanvaar. Wanneer jy liefdevol en met deernis optree, sal jy nooit jou posisie as die hoof van die huis kan misbruik nie. Dan sal jou vrou dit so wil aanvaar, want sy voel veilig en hoef vir niks bang te wees nie. 'n Vriend van my is tans gewikkel in sy derde verhouding buite die huwelik. Sy vrou weet dit. Wil sy onderdanig aan hom wees en sy gesag aanvaar? Vir seker nie! Hy mors met gesag met die gevolg dat hy alle gesag verloor. Dit sal seker nie meer lank wees nie, dan sal hy ook sy huwelik en kinders verloor. Ai, ons kan darem maar mors met die mooi wat God vir ons gegee het. Vroue, help tog julle mans, want hulle verstaan self nie altyd hoe om die gesag te gebruik nie. Mans, maak moeite met julle vroue. Soos jy in die begin geen afstand of moeite te groot gesien het om by jou geliefde uit te kom nie, moet jy weer probeer om haar spesiaal en veilig te laat voel, al is julle nie meer in dieselfde fatsoen as wat julle in die begin was nie. Dit is 'n opdrag van God! Maak nou planne en moet tog nie so onoorspronklik wees nie. Bou weer op wat die afgelope tyd vervalle geword het. Teks Kolossense 3:18-25

***Gebed*** : Vader, dit is nie altyd maklik om die minste te wees en aan iemand anders toe te gee nie. Dankie vir die riglyne in U Woord. Help ons om daaraan gehoorsaam te wees sodat die liefde kan wen. Amen

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste, Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike – daar is baie egskeidings
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Chanté Pieterse – sy het Leukemie kanker
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Chenique vd Merwe – bid vir volle genesing
- Bid asb vir André Ackerman vir genesing na sy beroerte
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Hernann Sander – vir spoedige herstel en genesing
- Bid asb vir Alta Faurie vir genesing - sy is baie siek
- Bid asb vir Maria Steyn – bid vir volle genesing sy is ernstig siek
- Bid asb vir Suzette Fourie en dogter-haar dogter het kanker
- Bid asb vir Banie Venter-hy is ernstig siek met 'n breingewas
- Bid asb vir MJ Jacobs vir volle genesing
- Bid asb vir Kobus v Rensburg–hy het kanker en begin met chemo
- Bid asb vir tannie Hettie Wiegand – sy het 'n groot skedel operasie gehad – bid vir volle herstel

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir U groot genade & my gesondheid
-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
-Dankie HERE dat U, U ENIGSTE SEUN gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf!
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe , redeneer & omgee, & dankie HERE dat U altyd daar is vir my
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U ***wondergroot genade***. Amen!

**Manne:** moet **NOOIT** ophou om jou ***eie*** vrou te **"DATE"** nie.
**Dames:** moet **NOOIT** stop om met jou ***eie*** man te **"FLIRT"** nie!

**Hóór jou maat se** ❤

## Onthou om te onthou . . .

| Datum | "Topic" | Plek |
|---|---|---|
| 25 Feb 2018 | Hykie Berg | NG kerk |
| 02-04 Mar 2018 | Gemeentekamp | Soetdoring |

## Gedagte vir die week

**Wees net *GOED* vir mekaar!**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.

# Geloof Offer Belofte

Ons gemeente het 'n GOB fonds wat aangewend word vir sendelinge wat finansiële hulp dringend nodig het. Finansieël kry hulle baie swaar. As elke lidmaat 'n maandelikse klein bedraggie vir die fonds by die kerkkantoor inbetaal, sal ons die sendelinge kan help sodat Jes 40:5 se woorde waar word.

*Jes 40:5* . . . En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die Here het dit gespreek

Lees ook Luk 3:2-6. Bid asseblief gereeld vir hierdie fonds.

Help asb... ons het jou bydrae bitter nodig!

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.

# NG Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin
No. 05 van 2018

## 04 Februarie 2018

## TEMA VIR DIE JAAR: Gesonde Huisgesinne

### IN HIERDIE ...

- ... is ons vir mekaar
- ... is daar 2DE KANSE
- ... sê ons "EK IS JAMMER"
- ... maak ons foute
- ... is daar genade
- ... kom vriendelikheid 1ste
- ... is ons ONSSELF
- ... kyk ons uit vir mekaar!!

### Dienstye:

*Sondae:*
08:30 Oggenddiens
& Kinderkerk

*Katkisasie:*
Gr 1-6 @ 09:45

*Jeugdiens:*
Aanddiens
16:45 Katkisasie van
Gr 7 – 11

### Kerkkantoor Info:

*Finansies:* Erika
016-971-3498

*Admin* Sylvia
016-971-3305